



**LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD**  
**Sondag 9 September 2012**

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 149:1	717	Psalm 145:1 & 2	696
2.	Skrifberyming 12-3:1, 2, 3		Psalm 119:19	591
3.	Psalm 40:2	204	Skrifberyming 28B	
4.	Psalm 46:1 & 6	236		

**BYBELSTUDIE GROEPE**



**SONDAG 09 September 2012**

- 19:00-20:00 in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Hebreërs*.

**WOENSDAG 05 September 2012**

- 10:00-11:00 in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Lukas*.
- 18:00-19:00 in die konsistorie die Voetsoldate Jeuggroep 7 en ouer.



**KLERKSDORP-NOORD HET NOG  
 NIE DIE MIKPUNT BEREIK NIE**



Die Bybelgenootskap het vir 2012 op 'n ander praktiese optrede besluit wat die insameling van fondse vir Bybelverspreiding betref.. Die fokus is vanjaar op die Bybel, en nie bloot op die geld wat bygedra word nie.

**MIKPUNTE:**

1. 'n Standaard-Bybel kos tans **R52.00**.
2. Borg-'n-Bybel-aksie word vanjaar afgesluit op **28 Oktober**.
3. Ons eerste mikpunt is dat **elke besoekpunt** (153 besoekpunte) 'n Bybel sal borg. Dit beteken **26 Bybels per maand** (Mei tot Oktober) d.



# SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 7                      Sondag 9 September 2012                      Nummer 25

**DOEN ONS GENOEG VIR GOD SE KERK**

Elke gelowige moet so nou en dan tot stilstand kom en nadink oor jou plek in die kerk van Jesus Christus. Al die verskillende fasette van die kerk bring jou onder die indruk van die ewige waarde van God se kerk en die Woord wat die kerk aan die lidmate bedien. In die prediking word baie fasette van God se kerk vanuit die Woord oop gemaak en aan die lidmate bedien. In die lig hiervan kan elke Gereformeerde lidmaat vir homself uitmaak: “Doen ek nie dalk te min vir God se kerk nie.”

**Mensgemaakte standpunte**

In die wandelgange van die lewe is daar verskillende standpunte oor wat die kerk is en wat die mens van die kerk verwag.

- Vir sommige is die kerk 'n **vereniging** net soos gewone kultuurverenigings, of boereverenigings of kunsverenigings. Die mens kan uit eie besluit en na willekeur by hierdie verenigings aansluit en as jy moeg is vir al die aktiwiteite kan jy bedank.
- Vir baie ander mense is die kerk weer soos 'n **kafee** of 'n **restaurant**. Al wat jy moet doen is om in te stap, by 'n tafeltjie gaan sit, dan bring iemand vir jou 'n spyskaart en jy kies daaruit waarvoor jy op daardie oomblik lus is. Dit beteken dat die kerk daar is om vir jou te gee dit waarvoor jy smaak het.
- Daar is ook die mense wat sê dat die kerk soos 'n **hospitaal** is. Eintlik kan 'n mens heel goed sonder die kerk klaarkom want dit is nie bedoel vir jou gewone alledaagse lewe nie. Maar as daar iets skokkend of 'n groot nood oor jou kom, dan is die kerk daar waar jy 'n voorskrif vir medisyne kan kry, of verpleeg word vir 'n kwaal. jy saam sonder om self enigiets te doen. Die staf op die trein sal weldra by jou kom om jou te bedien met wat jy nodig het of voor lus is.

2.

## SIMBAAL 9 September 2012



### PREKE VANDAG



*Dr. Andre de Jager*

**Oggendiens Tema: VOLG JY CHRISTUS OF IS JY NOG BESLUITLOOS?**

Lees: Lukas 9:57-62

Teks: Lukas 9:61-62

In Volksrust het ek 'n mooi uitdrukking gehoor: "Ek dink met twee gedagtes". Dit beskryf daardie besluitloosheid wat ons somtyds ervaar waar ons nie kan besluit tussen twee sake nie. Ek wil die een, maar ek wil ook die ander. Beide gedagtes loop baie keer langs mekaar sonder dat ek klarigheid kan kry oor wat ek moet doen.

En tog, baie keer weet ons wat ons moet doen, maar ons wil nie. Ons weet wat die regte pad is, maar ons wil nog vashou aan die alternatief, of ons wil nie die volle konsekwensies van die regte pad dra nie. Ons sê nie nee nie, maar ons sê ook nie ja nie. Sê u ja in gehoorsaamheid aan die Here, om Hom te dien soos, waar en wanneer Hy wil, of kyk u elke nou en dan om? Ons is maar altyd geneig om die effek wat ons kan hê op enigiets, die hulp wat ons kan bied, die dinge wat ons kan doen, te wil meet op grond van ons eie vermoëns en omstandighede. Maar daar is ook 'n ander manier om daarna te kyk. En dit is deur die krag van die Here.



**Aanddiens Tema: GELEI DEUR DIE GEES ONTDEK ONS DIE KRAG EN DIE WERKING VAN DIE HERE**

Lees: 1 Samuel 17:20-51

Teks: 1 Samuel 17:45-47

Watter uitkoms soek ons. Wie is die hoofspeler in ons verhaal. Ons of die Here. Met ander woorde, verwag ons van die Here om soos 'n dienaar agter ons aan te loop en ons lewe maklik en gemaklik te maak? Of ken ons Hom as die Here, ons Here? Ons moenie 'n lewe van miskien lewe nie, ons mag nooit ja sê terwyl ons uiteindelik nee bedoel nie, "want" hoor ons in ons teksvers, "Jesus Christus, die Seun van God, is nie "ja" en "nee" tegelyk nie."

## SIMBAAL 9 September 2012

7.

moet gee in die arbeid vir die kerk (Ef. 4:16). Jy moet 'n *lewende* en *meelewende lidmaat* van die kerk wees. *Dit is nie die kerk wat allereers vir jou iets moet doen nie.* Jy mag nie eers vra wat watter nut het die kerk in my lewe nie. Jy mag nie vra wat bied die kerk vir my ... en dan sal jy besluit of jy iets gaan doen nie.

### God gedank en moed geskep

Daaglikse ondervinding van God se teenwoordigheid beteken vir die lidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika baie. Jy word diep onder die besef gebring van wat God in sy Vaderliefde vir elke lidmaat gegee het. Die besef daarvan het ons klein voor God die Allerhoogste gemaak. Mag dit wees dat deelname aan die aktiwiteite van die kerk lidmate tot dieselfde konklusie gebring het as wat Paulus ervaar het: "Toe Paulus hulle dit sien, het hy God gedank en moed geskep" (Hand. 28:15).



Die grond van die vrypraak is nie die geloof van die mens nie maar die soenlyde van Christus aan die kruis. Geloofsekerheid is derhalwe sekerheid in jou hart van Christus die Middelaar en die Verlosser en nie die sekerheid van die geloof nie. Die geloof is nie 'n menslike prestasie nie maar word deur die Heilige Gees in die hart gewerk deur die verkondiging van die evangelie. Heilstoe-eiening gaan om die persoonlike verhouding met God. Dit beteken dus dat jy eerstens die kennis van die verlossing in Jesus Christus uit die Woord van God verneem. Dit het jy nou. Jy is 'n verlore kind van die Vader. Nou kom daar 'n belangrike saak na vore. Die vraag is **lewe jy soos 'n verlore kind van die Vader?** Jy kan nie op jou geloof roem nie. Dit is nie jou geloof wat jou red nie. Dit word nou van jou gevra om God voluit en prakties te dien.

*Dr. Nico van der Merwe*

▪ Jy sal ook diégene kry vir wie die kerk soos 'n **liefdadigheidsorganisasie** is. Dit beteken dat die kerk goeie werk doen deur onder andere geld in te samel om diegene te help wat dit nie al te breed het nie. Solank jy in hierdie hartseer toestand van gebrek is sal die kerk jou help met die middele tot hulle beskikking, maar sodra daar vir jou verligting gekom het draai jy jou rug op die kerk en gaan op jou eie manier voort.

▪ 'n Vyfde groep mense sê die kerk is net soos 'n **trein**. Jy koop vir jou 'n kaartjie, wag op die stasieperon en as die trein kom klim jy op en gaan sit net waar jy wil. Dan ry

▪ Dan is daar dié mense vir wie die kerk soos 'n **sportbyeenkoms** is. Jy gaan daarheen en sit op die pawiljoen en kyk hoe die kerk op die sportveld besig is. Maar jy is nie daarvan deel nie. So af en toe sal jy luidkeels toejuig of handeklap, maar met die aktiwiteite op die veld het jy niks te doen nie. Jy is maar net 'n toeskouer.

Hoe hierdie verskillende sieninge van die kerk ook al van mekaar mag verskil, hulle kom hierin met mekaar ooreen dat hulle almal **mensgemaak** is. Daarom is hierdie sienswyse van die kerk in botsing met die Woord van God. Van die mense waarmee ons in hierdie verskillende opvattinge oor die kerk te doen het, kan ons dalk sê wat die apostel Johannes geskryf het: "Hulle het wel uit ons geledere voortgekome, maar niemand van hulle was ooit werklik een van ons nie" (1 Joh.2:19).

### Die kerk is 'n vergadering van gelowiges

God leer ons in sy Woord dat die kerk 'n *vergadering van gelowiges* is wat deur Christus bymekaar gemaak is deur die Heilige Gees en die Woord. Christus het met sy bloed aan die kruis die kerk (gelowiges) losgekoop uit die mag van die sonde. Die oorsprong van die kerk is dus hoegenaamd nie in die lewenskring van die mens te vind nie. Die kerk waarvan jy 'n lidmaat is vind sy oorsprong in God. Die kerk is nie gebore uit vlees en bloed nie, maar dit het sy oorsprong in God se ewige verkiesing en in die wonder van die herskeppende genade.



Paulus skryf in sy brief aan die Efesiërs wat die taak van die kerk op aarde is: "Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus" (Ef. 4:12). Die dienswerk of roeping van die gelowiges bestaan daarin dat hulle God en hulle naaste in liefde moet bedien. Dit is so dat die ampsdraers

in die kerk die roeping het om die lidmate, die gemeente, geestelik op te bou en toe te rus "vir hulle diens". Paulus skryf dat elke lidmaat sy volle ondersteuning en lewenskrag

## LIEF EN LEED



- **Tinneke Lindeque** was die naweek in 'n motorongeluk. Ons is die Here baie dankbaar dat sy behalwe vir oppervlakkige snye en kneusplekke nie ernstig seergekry het nie.
- Baie geluk aan **Alesandro Cassalegio**, kleinseun van Chris en Ansie Jansen van Vuuren, met sy verkiesing as lid van die Uitvoerende Komitee van die Noordwes Universiteit(PUK).

## KERSPROGRAM - 2012

Almal wat belangstel om koor te sing in die Kersprogram van 2012, moet asb. Sondagmiddag 9 September om 16h30 by die Gereformeerde Kerk Klerksdorp in Smitstraat bymekaarkom.

## 55 PLUSERS

Die afsluitingsfunksie van die 55 Plussers, was op die jaarprogram vir 14 September geskeduleer is, **verskuif na die laaste kwartaal**. Die datum sal later bekend gemaak word.

## INTERDOPPERKAMP 2012

Wanneer: 21-23 September 2012  
 Waar: Nooitgedacht Kampterrein  
 Wie: Studente en Jong werkendes  
 Kontak: Paul: 084 440 2199  
 Gerhard: 072 661 6433  
 Koste R250

Tema: Wees wie jy is...Vat wat jy kry Doen wat jy moet

**KOLLEKTES**

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
09 September	Barmhartigheid	Emeritaatsversorging
16 September	Barmhartigheid	Sustentasië Khuma
23 September	Barmhartigheid	Sustentasië Khuma

**GEMEENTEPROGRAM**

Sondag 9 September tot Saterdag 15 September 2012

Sondag 9 September	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 9 September	Katkisasië Les 21	10:30-11:15
Sondag 9 September	Aanddiens	18:00-19:00
Donderdag 13 September	Vergadering Diakens	17:30

**TEESKINKBEURTE**


Sondag 09 September 2012	Wyk 04 & Wyk 05
Sondag 16 September 2012	Wyk 06 & Wyk 07
Sondag 23 September 2012	Wyk 08 & Wyk 09

**VERJAARDAE**

9 September 2012 tot 15 September 2012

09 Sept	<b>Xander Gainsford</b>	Wyk 03	<b>083-231-4404</b>
09 Sept	<b>Ansie J. van Vuuren</b>	Wyk 10	<b>018-462-7954</b>
11 Sept	<b>Bienkie du Preez</b>	Wyk 15	
12 Sept	<b>Paul de Kock</b>	Wyk 06	<b>018-468-3016</b>
13 Sept	<b>Hennie Matthyser</b>	Wyk 16	<b>072-216-6912</b>
15 Sept	<b>Franco van der Walt</b>	Wyk 13	<b>018-469-3895</b>

Baie hartlik geluk met julle verjaardae hierdie week. Die seën van die Here word julle toegewens in die komende nuwe lewensjaar.

**PENSIOENARIS BESKIKBAAR VIR ALGEMENE NUTSWERK**

Ook vaardig in sweis-, loodgieters-, hout- en teëlwerk  
Skakel Corrie Botha 083 429 4824

**BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA****BEROEPE ONTVANG**

- Ds W van den Heever van Rietvallei na Vryheid.
- Proponent GJJ van der Merwe na Vryburg.

**BEROEPE AANVAAR**

- Proponent H Nkoana na Ramotse.

**SAKE VIR DIE SUSTERS****KOEKSISTERSBAK**

Die susters bak Woensdag, 26 September 2012 8:00 – 13:00 koeksisters.

Benodig:

Hulp – susters wat kan vleg (Begin 8:00)

bak/weeg & pak (Begin 9:00) Lys by orrel en voorportaal

Bestanddele – Meel/ suiker/olie – BAIE DANKIE – plaas in kombuis

Betaling met bestelling

By Kotie/Bets voor/op Sondag, 23 September 2012

R20 vir 500g pak

**SUSTERSVERGADERING**

Volgende Sustersvergadering: Woensdag, 10 Oktober 2012 by Sophia op die plaas. Ons kom reeds 17:15 by kerk bymekaar.

Alle susters word uitgenooi om ons volgende vergadering by te woon. Ons gaan na 'n plant deskundige luister wat ook 'n demonstrasie sal doen.

Tydens ons Sustersvergadering van Woensdag, 5 September het Mara van der Colff van Stilfontein demonstreer wat om met al ons afval produkte te doen. Baie interessant. Geen leë bottel of houer sal ooit weer dieselfde wees nie.

**BYBELSTUDIE**

Woensdag oggend 10:00 soos op kalender. Lukas 12: 4-11

Vers 6 – Word vyf mossies nie vir twee sent verkoop nie?

Ons oggend Bybelstudie groep vind oneindig baat by die besprekings gelei deur Ds André. Ons voel ons moet meer doen en ander lidmate wat die Bybelstudie kan bywoon aanspoor om ook te kom. Vir 'n uur is ons besig met God se Woord

en vir ons almal is die uur te kort. Kom deel gerus in die voorreg om regtig die  
Woord te bestudeer.

